# HILLCREST HIGH SCHOOL

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## JUNIE EKSAMEN 2017

## VRAESTEL 3

**GRAAD 10** **TYD: 2 UUR**
**PUNTE: 100**

**HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 7 BLADSYE**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | OPSTEL | [50] |
| AFDELING B: | LANG TRANSAKSIONELE TEKS | [30] |
| AFDELING C: | KORT TRANSAKSIONELE TEKS | [20] |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n nuwe bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir ELKE afdeling skryf.

6. ALLE beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word.
   Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd so:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 40 minute
   AFDELING C: 30 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

Skryf 'n **opstel** van 150-200 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.

1.1 Jy kry 'n SMS op jou selfoon wat jou hele lewe verander.

1.2 So bang was ek nog nooit nie!

1.3 Dít maak my gelukkig.


1.4 ..... en toe word ek wakker. Ek is so bly/ongelukkig dat dit net 'n droom was.

1.5 Kuberboelies!

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL: Daar moet 'n DUIDELIKE verband tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.**

1.6.2



1.6.2




1.6.3




**TOTAAL AFDELING A: [50]**

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**

**VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120-150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.
- Onthou om die nodige beplanning te doen.

**2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF**



Jy het iemand ontmoet wat ‘n groot inspirasie vir jou is.
Skryf ‘n brief aan jou ma en vertel haar van hierdie persoon.

**2.2 HULDEBLYK**



Jy is ‘n goeie spreker en jy word gevra om ‘n huldeblyk te lewer oor iemand wat ‘n belangrike rol in jou lewe gespeel het en bewonder het. Skryf die huldeblyk wat jy by sy/haar begrafnis gaan lees.

**2.3 DIALOOG**



Jy het ‘n baie spesiale present van jou ouma gekry. Vertel jou maat in **dialoogvorm** daarvan.

**TOTAAL AFDELING B: [30]**

**AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS**

**VRAAG 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80-100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.
- Wys jou beplanning.

**3.1 DAGBOEKINSKRYWING**



Jou troeteldier het verdwyn, maar het later teruggekom
Maak ‘n DAGBOEKINSKRYWING vir TWEE DAE soos volg:

- Jou gevoelens die dag toe jou troeteldier verdwyn het.
- Jou gevoelens die dag toe jou troeteldier teruggekom het.

**3.2 UITNODIGING:**




Jy reël ‘n verjaarsdagpartytjie vir jou ma.
Skryf die uitnodiging uit.


**3.2 RIGTINGAANWYSINGS**

Jy het na 'n nuwe huis getrek. Jou maat wil by jou kom kuier, maar ken nie die pad nie.

Gebruik die padkaart hieronder. Gee jou maat duidelike aanwysings in 7-10 sinne.

Die aanwysings is van **Brandstraat** af na jou huis in **Cohenstraat 10.** Noem 'n paar straatname en bakens wat jou maat op pad sal sien.

Skryf jou aanwysings puntsgewys neer.




**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**GROOTTOTAAL: [100]**